

Voorlopige program: Op soek na EMOSIE in die Nederlandse taal

In Nederland en Vlaandere die 9de Edisie van die Week van het Nederlands

30 September tot 7 Oktober 2023

in Suid-Afrika die viering van die 3de Edisie

30 September tor 14 Oktober

Op zoek naar EMOTIE in de Nederlandse taal.

De negende editie komt eraan! Van 30 september tot 7 oktober 2023 brengen we weer een ode aan de Nederlandse taal. Dit jaar verkennen we het thema ‘gevoel en emotie’ in het Nederlands.

Merk ‘n paar datums in jou virtuele dagboek, knoop solank jou sakdoek, maak ’n merkie op jou hand en kom vier saam met ons die derde edisie van die *Week van het Nederlands* wat plaasvind van 30 September tot 7 Oktober 2023 in Nederland en Vlaandere – en nou vir die derde keer, weer in Suid-Afrika in die periode van 30 September tot 14 Oktober. Met vriende en vennote word daar op interessante plekke en met belangrike gesprekke die emosie in die Nederlandse taal bespreek en met harte bewonder.

Kom vier saam met ons die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur en ook die Nederlandse taal se verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde.

Hier is ’n voorsmakie, maar hou die pers dop vir die finale besonderhede.

Saterdag 30 September in Pinelands

Neerlandistiekdag met ’n opelugmark by SASNEV

Die program

Die program begin 9.30 vir 10vm om teen middagete klaar te maak, met die plan dat almal dan van die stalletjies se kos geniet soos die vorige jare. Behalwe die studente van UCT, US en UWK nooi ons vanjaar CPUT se mense ook.

Die formaat is 'n onderhoud met Alara Adilow en voorlesings deur haar, gedigvoorlesings deur die digters en 'n paneelgesprek wat deur Karin Benjamin gelei word. Die digters is elk so lieflik soos die ander: Ashwin Arendse, Lynthia Julius, Bibi Slippers en Pieter Odendaal.

Organiseerder: KFN en SASNEV

Finansiële bydrae: Taalunie, SZAHN, WdZS en SASNEV

Oktober

Inryteater: Pretoria

Die film wat vertoon sal word sal binnekort bekend wees.

Kom fliek in jou eie motor, geniet ’n Nederlandstalige film en geniet die lekkerste lekkernye uit die lae lande. Toegang is gratis, maar vooraf bespreking is noodsaaklik. Die adres sal aan jou gestuur word by registrasie.

Meer oor die film

Organiseerder en finansiële bydrae: Nederlandse Ambassade, Belgiese Ambassade en Vlaamse Verteenwoordiger

Oktober

Inryteater: Kaapstad

Die film wat vertoon sal word sal binnekort bekend wees.

Kom fliek in jou eie motor, geniet ’n Nederlandstalige film en geniet die lekkerste lekkernye uit die lae lande. Toegang is gratis, maar vooraf bespreking is noodsaaklik.

Meer oor die film

Organiseerder en finansiële bydrae: Nederlandse Ambassade, Belgiese Ambassade en Vlaamse Verteenwoordiger,

11 Oktober in Stellenbosch

SASNEV-“borrel” by die Toyota US Woordfees

ter viering van die Nederlandse taal

Die Khaya om 17:30 – 19:30.

Hierdie is een van die Woordfees se spoggeleenthede waarby almal wat in die Neerlandistiek en Afrikaanse netwerke betrokke is na uitgenooi word. Hierdie jaar is die fokus op nuwe deelnemers inklusief alle kultuurgroepe uit studente geledere van veral Afrikaans Nederlands en die ook die Afrikaanse Taalraad se spesiale gaste. Zuid-Afrikahuis se direkteur, Angelie Sens en voorsitter, Jan Schinkelshoek, is saam met Kader Abdolah die eregaste.

Organiseerder: SASNEV

Finansiële bydraers: Taalunie, SZAHN, WdZS en Toyota US Woordfees en SASNEV

14 Oktober in Pinelands

Verjaarsdagvieringe vol EMOSIE

'n SASNEV-kollokwium oor Reinaard die vos en ander jakkalse en wolwe

Die viering van die emosie en die reikwydte van die Nederlandse taal

VOORLOPIGE PROGRAMVOORSTEL

Doel: Kollokwium & VERJAARSDAG-"borrel" by SASNEV

Tema: Van den vos Reynaerde ("Oor die vos Reinaard")
'n SASNEV-kollokwium oor Reinaard die vos en ander jakkalse en wolwe

Datum: Saterdag 14 Oktober 2023

Tyd: 08:30 tot 14:30

Doelwitte:

1. Colloquium (paneelgesprek oor die tema Van den vos Reynaerde en die verband met Suid-Afrikaanse vertellings en volksverhale)
2. Bekendstelling Kolleksiekamer
3. Viering 100 jaar SZAHN, 25 jaar SASNEV, 110 VNBK & 25jaarBiblionefSA.
4. Netwerkgeleentheid
5. SASNEV celebrating the strenght of 25 years of collaboration

Saterdag 14 Oktober 2023

08:30 Aankoms en registrasie
09:00 Verwelkoming
09:10 tot 10:30: Toesprake en gelukwense
10:30 Teetyd
11:00 Reinaard de Vos deur Henning Pieterse
11:30 Vraetyd
11:45 Paneelbekendstelling
12:20 Kort pouse en optrede
12:30 Paneelgesprek
13:15 Afsluiting& uitnodiging
13:30 Borrel en optrede

Organiseerder: SASNEV

Finansiële bydraers: Van Ewijk Stigting, Taalunie, SZAHN, WdZS en SASNEV

'n Program om na uit te sien!

Opgestel: Eureka Barnard, Bestuurshoof SASNEV

Datum: 5 September 2023